IMPAKTE VAN DIE HARMONISERING VAN SAADWETTE OP FMSS EN KLEINBOERE

Geharmoniseerde saadwette heg slegs waarde aan daardie sade wat vir industriële of kommersiële landbou binne 'n bepaalde streek ontwikkel is. Hulle ontsê kleinboere binne 'n streek die geleentheid en ondersteuning om in ander tipes landbou, soos tradisionele landbou of agro-ekologie, te funksioneer.

Geharmoniseerde saadwette maak geensins voorsiening vir plaasbeheerde saadstelsels (FMSS) en variëteite wat deur plaaslike boere geproduseer word nie. Op 'n streekskaal kan dit 'n groot negatiewe impak hê op boere se plaaslike variëteite en landrasse, wat al reeds aan die kwyn is.

Harmonisering sal groter streeksaadmarkte skep, plaaslike saadmaatskappye uitroei en die verspreiding van verbeterde gesertifiseerde saad binne 'n streek verhoog. Dit kom daarop neer dat kleinboere gedwing sal word om duur verbeterde saad aan te koop, seisoen na seisoen.

Geharmoniseerde saadwette laat kleinboere nie toe om saad wat op plase geberg word en plaaslike variëteite oor landsgrense heen en binne streeksblokke te verhandel of uit te ruil nie. Boere kan hulself erge moeilikheid op die hals haal as hulle uitgeruilde saad sonder die nodige permitte oor grense heen vervoer. Geharmoniseerde saadwette verhoed privaatmaatskappye egter nie om tradisionele kennis en saad by plaaslike boere te steel sodat hulle verbeterde variëteite kan ontwikkel nie, welke variëteite hulle dan weer teen 'n hoë koste aan die boere terugverkoop.

www.acbio.org.za info@acbio.org.za Tel +27 (0)11 486 1156

duduccelho.com